Herbevestiging van AFRIKAANSE HUWELIKS BELOFTES

MAN

In die teenwoordigheid van God, herbevestig Ek (man se naam), my huweliksbeloftes aan jou (vrou se naam) as my wettige vrou, my lewensmaat en my liefdes vennoot.

Ek herbevestig my huweliksbelofte dat ek jou sal liefhê met my hele wese. My liefde sal onvoorwaardelik en ewig wees.

Ek beloof weer dat ek jou sal ondersteun as jou lewensmaat in die goeie en slegte tye van die lewe in siekte en gesondheid, asook in die vreugde en hartseer tye van die lewe.

Ek beloof vandag weer dat ek saam met jou sal lag en huil.

Ek vra God om my te help dat ek jou sal respekteer vir wie jy is nou is, en jou sal ondersteun in jou lewensgroei en in die bereiking van jou lewensdoel en ideale.

Vandag gee ek jou opnuut my hand, my hart en my liefde, tot die dood ons skei.

VROU

In die teenwoordigheid van God, herbevestig Ek (vrou se naam), my huweliksbeloftes aan jou (man se naam) as my wettige man, my lewensmaat en my liefdes vennoot.

Ek herbevestig my huweliksbelofte dat ek jou sal liefhê met my hele wese. My liefde sal onvoorwaardelik en ewig wees.

Ek beloof weer dat ek jou sal ondersteun as jou lewensmaat in die goeie en slegte tye van die lewe in siekte en gesondheid, asook in die vreugde en hartseer tye van die lewe.

Ek beloof vandag weer dat ek saam met jou sal lag en huil.

Ek vra God om my te help dat ek jou sal respekteer vir wie jy is nou is, en jou sal ondersteun in jou lewensgroei en in die bereiking van jou lewensdoel en ideale.

Vandag gee ek jou opnuut my hand, my hart en my liefde, tot die dood ons skei.